# Moontlikhede vir onderwysvoorsiening aan minderheidsgroepe in Suid-Afrika

H.J. Steyn
Skool vir Onderwysersopleiding
Fakulteit Opvoedkunde
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM
E-pos dophjs@puknet puk ac za

**Abstract**

**Options for education provision to minority groups in South Africa**

*This article focuses on the educational rights of minority groups. International trends in terms of the rights of minority groups have been identified regarding the right of unique educational provision, educational control and own education institutions. From an international perspective it can be deduced that South African minority groups can demand, without being discriminatory, the provision of own education which is to the advantage of the particular minority group as well as to the community at large. Minority groups can also request substantial involvement in educational control, which implies a system of decentralized educational control. These groups can also insist on own education institutions. It is indicated that if minority groups are not provided with the above-mentioned rights they can rightfully complain of unfair discrimination.*

## 1. Inleiding

'n Groot aantal referate, colloqia en werkswinkels wat by die 1997-kongres van die American Education Research Association aangebied is, het oor die een of ander aspek gehandel wat direk en/of indirek verband hou met onderwysvoorsiening aan minderheidsgroepe. In Mei 1997 het die Hellenic National Commission for Unesco 'n kongres in Griekeland aangebied met die tema: "Education of etnic minorities. Unity and diversity". Dit toon onder andere aan dat Claassen (1996:26) in die kol was met sy bevinding dat die huidige fase in onderwysvoorsiening beskou kan word as die fase van beklemtoning van die onderwysbehoeftes van minderheidsgroepe. Dit blyk ook dat meerderheids-

groepe, in die meeste van die gevalle, nie vanself in die minderheidsgroepe se regte ten opsigte van onderwysvoorsiening voorsien nie (De Witte, 1993:179). Daar behoort op internasionale en nasionale vlakke meer gedoen te word om minderheidsgroepe te ondersteun om self verantwoordelikheid te aanvaar vir die handhawing van hul onderwysregte. In die internasionale arena bestaan die oorwoë mening ook dat die waardigheid van lede van minderheidsgroepe nie voldoende deur die individuele regte beskerm word nie maar wel deur 'n kombinasie van individuele en minderheidsgroepregte (Donnely, 1993:136).

Na die konstitusionele oorgang in Suid-Afrika gedurende 1994 is die Grondwet van 1996 die riglyn vir alle samelewingsgebeure, waar onder ook onderwysvoorsiening. Die Grondwet sluit ook 'n Handves van Menseregte in waarin die individuele regte van mense beskerm word (RSA, 1996a:art. 29). Soos dit in die internasionale gemeenskap die geval is, begin lede van minderheidsgroepe in Suid-Afrika reeds aanvoel dat hul regte nie genoegsaam deur individuele regte beskerm word nie. Alhoewel die konsep van minderheidsgroepregte vreemd is in Suid-Afrika en van 'n poging tot verskuilde apartheid verdink word, is hier te lande reeds duidelik standpunte ten opsigte van minderheidsgroepregte gelug (Olivier, 1996:23; Leon, 1996:24). Die doel van hierdie artikel is dus om internasionaal-erkende riglyne vir onderwysvoorsiening binne die raamwerk van minderheidsgroepsregte en vanuit 'n Christelik-Reformatoriese standpunt te identifiseer. Daar sal ook aangetoon watter opsies daar vir Suid-Afrikaanse minderheidsgroepe bestaan deur na enkele kardinale areas in onderwysvoorsiening te verwys. Die areas waarna verwys sal word, is die beheer oor die onderwys, die voorsiening van onderwysinrigtings, die aard van die onderwysprogramme en die taal van onderrig.

## 2. Standpunte ten opsigte van die regte van minderheidsgroepe

Verskillende definisies van minderheidsgroepe word gegee, byvoorbeeld deur Cloete (1991:31) in die uitspraak van die Permanent Court of International Justice (Henrard, 1996:46) en deur Capotorti (1991:7), maar die definisie van Lerner (1993) vat die verskillende beklemtoninge goed saam. Daarvolgens is 'n minderheidsgroep:

> ... a group which is numerically inferior to the rest of the population of a State and in a non-dominant position, whose members possess ethnic, religious or linguistic characteristics which differ from those of the rest of the population and who, if only implicitly, maintain a sense of solidarity, directed towards preserving their culture, traditions, religion or language (Lerner, 1993:79).

Internasionaal word dus hoofsaaklik na minderheidsgroepe verwys as daardie groepe met 'n eenheidsgevoel en eiesoortige kenmerke op grond van unieke geloofs-, kulturele (insluitende taal) en/of etniese kenmerke wat in 'n bepaalde

land in 'n minderheidsposisie ten opsigte van getalle of mag is. Volgens internasionale standpunte lê die regte van minderheidsgroepe veral klem op twee aspekte, naamlik die reg op 'n eie identiteit en die reg dat daar nie teen lede van minderheidsgroepe gediskrimineer mag word nie (Thornberry, 1991:137). Minderheidsgroepe in Suid-Afrika is dus daarop geregtig om op die handhawing van hul eie identiteit aan te dring en op die voorwaarde dat daar nie teen hul lede gediskrimineer word nie.

In hierdie artikel word vanuit Christelik-Reformatoriese denke besin oor die aangeleentheid van minderheidsgroepregte in onderwysvoorsiening. Dit is egter 'n feit dat binne die raamwerk van Christelik-Reformatoriese denke nog nie veel oor die regte van minderheidsgroepe geskryf is nie (waarskynlik omdat Christene onder die besef van die voorregte wat hulle van God verkry, oor die algemeen versigtig is om van regte te praat). 'n Ontleding van Christelik-Reformatoriese standpunte toon dat die uniekheid van die mens egter erken word en dat ontiese struktuurreëls bestaan waardeur die verhoudinge tussen mense bepaal word. Volgens hierdie standpunte moet die mens, as beelddraer van God, deur sy handelinge die ruimte skep en strukture daarstel sodat elke individu en groep sy voorregte met dankbaarheid kan ontvang, sy pligte met nougesetheid kan uitvoer en sy regte met beslistheid kan uitoefen. Die mens het dus regte ten opsigte van ander mense maar voorregte ten opsigte van God (De Bruyn, 1997: par. 3.3, 3.4.1). Die mens is 'n verhoudingswese wat God op aarde verteenwoordig en eers in sy verhoudinge tot sy eie identiteit kom (Heyns, 1981:128). Die mens, as individu of deel van die minderheidsgroep, is geregtig op die beskerming van sy waardigheid. As beelddraer moet die mens interafhanklik en interverantwoordelik die medemens dien en regverdig, billik en in liefde teenoor die medemens optree (Marshall, 1983:18). Die respektering en beskerming van minderheidsgroepregte, net soos die individuele regte, is daarom onmisbaar vir die sosiale en politieke ontplooiing van die mens en vra om internasionale en nasionale erkenning. Daarom word die vrye assosiasie van mense ondersteun, die reg tot eie identiteitsvorming beklemtoon en word aanvaar dat die regte en voorregte van individue en van gemeenskappe of groepe, in hierdie geval die minderheidsgroepe, beskerm en uitgebou moet word (De Bruyn, 1997: par. 3.7; Van der Walt, 1996:21).

Die voorafgaande standpunt insake minderheidsgroepsregte word ook ondersteun vanuit 'n ander perspektief, naamlik die postmodernistiese benadering (Van der Walt, 1996). Volgens die postmodernisme word, as reaksie teen die modernisme, ontken dat die werklikheid en samelewingsordeninge aan die hand van 'n objektiewe of oorkoepelende struktuur en grondreëls, of meesterverhaal, verklaar of gereël kan word. Die postmodernisme is van mening dat die oorbeklemtoning van struktuur en die objektiewe bestaan van grondreëls van die samelewing daartoe lei dat individue en groepe in die samelewing misgekyk word. Die

postmoderniste meen dat die meerderhede op welwillende wyse die minderheidsgroepe wil inskakel maar dan volgens die dominante groep se begrip van die wyse waarop die samelewing moet funksioneer. Alhoewel vanuit 'n Christelike-Reformatoriese denkrigting nie saamgestem word met die postmodernisme se siening dat daar geen reëls vir die samelewing bestaan nie, kan die standpunt ondersteun word dat minderheidsgroepe hulle teen die voorskrywing (die meesterverhaal) van die meerderheid sal verset. Dit is vir die minderheidsgroepe belangrik dat hulle stemme in die koor van die samelewing gehoor word (Van der Walt, 1996:1, 12, 18, 20). Die postmodernisme ondersteun dus ook die idee dat minderheidsgroepe die reg het op hul eie identiteit en dat daar nie teen lede van minderheidsgroepe gediskrimineer mag word nie.

In internasionale literatuur word verder uitdruklik gestel dat individuele en minderheidsgroepregte mekaar aanvul, want: "Each type of right pursues in its own way a common goal: respect for human dignity in its two expressions – that of human beings and that of human communities" (Donnely, 1993:136). Dit word aanvaar dat die spanning tussen die gemeenskaplikheid (staatsgemeenskap of die meerderheid) en die diversiteit (die minderheidsgroepe) 'n ontologiese gegewe is wat op gebalanseerde wyse gehanteer moet word. Dit is egter ook 'n feit dat die miskenning van die regte van minderheidsgroepe tot konflik aanleiding gee (Claassen, 1996:7). Die konflik ontstaan gewoonlik omdat die meerderheid nie vanself hierdie regte aan die minderhede toestaan nie, en daarom word dit deur die minderheidsgroepe opgeëis. In Suid-Afrika behoort hierdie spanning tussen die meerderheids- en minderheidsgroepe met groot sorg op 'n gebalanseerde wyse gehanteer te word ten einde potensiële konflik uit te skakel.

## 3. Standpunte ten opsigte van onderwysvoorsiening aan minderheidsgroepe

### 3.1 Enkele algemene teoretiese en internasionale standpunte insake onderwysvoorsiening aan minderheidsgroepe

Internasionaal word die voorsiening van onderwys volgens hul unieke onderwysbehoeftes as een van die vernaamste regte van minderheidsgroepe aanvaar. Die internasionale erkenning van die reg op unieke onderwysvoorsiening word onder andere in twee ooreenkomste saamgevat. In die "United Nations Convention on the Rights of the Child, 1992" word die reg van die kind op onderwys en die reg van kinders van minderheidsgroepe om onderwys volgens hul geloofs- en/of kulturele behoeftes te ontvang, beklemtoon (UN, 1990: artt. 28, 30). 'n Tweede internasionale ooreenkoms wat veral ter sprake kom, is die "Convention against discrimination in education, 1960" wat deur Unesco aanvaar is. In dié Konvensie word minderhede se reg op hul eie onderwysvoorsiening bevestig, asook die reg van ouers om die onderwysinrigtings te kies waar hul

kinders onderwys moet ontvang. Dit word bevestig dat die stigting en instandhouding van eie onderwysinrigtings op grond van geloofs- of kultuurredes, nie as diskriminasie gereken kan word nie. Dit word egter ook gestel dat die leerders uit minderheidsgroepe nie gedwing kan word om dié onderwysinrigtings by te woon nie, dat dit nie dié leerders daarvan moet weerhou om die kultuur van die meerderheidsgroep te verstaan nie en dat dié onderwys nie van 'n laer standaard as dié van die staatskole moet wees nie (Unesco, 1960: artt. 2, 4).

Die Christelik-Reformatoriese beginsel van universaliteit en individualiteit kom ooreen met die algemeen aanvaarde internasionale standpunt, waarvolgens elke individuele onderwysstelsel, as verbesondering van die universele struktuur van die onderwysstelsel, in die unieke onderwysbehoeftes van sy teikengroep moet voorsien – onderwysbehoeftes wat ook die verbesondering van die universele struktuur van 'n onderwysstelsel se teikengroep is. Daarom behoort in die onderwysstelsel spesifieke wyses of dele te bestaan waardeur in die onderwysbehoeftes van die unieke dele van die teikengroep, waaronder die minderheidsgroepe, voorsien kan word. Laasgenoemde impliseer dus dat daar spesifieke voorsiening gemaak moet word om in die unieke onderwysbehoeftes van minderheidsgroepe te voorsien (Steyn & Van der Walt, 1997: par. 3). Eie onderwysvoorsiening word internasionaal erken as een van die belangrikste regte waarop minderheidsgroepe aanspraak kan maak.

## 3.2 Die reg op onderwysvoorsiening aan minderheidsgroepe in Suid-Afrika

Die nuwe konstitusionele bedeling in Suid-Afrika is gebou op die basis van die Grondwet van 1996 waarin die beginsel van die erkenning van die individuele regte verskans is. Tog is daar enkele bepalings wat ook die erkenning van minderheidsgroepregte impliseer. In die aanhef van die Grondwet word verklaar dat Suid-Afrika aan al die inwoners behoort wat as eenheid in hul verskeidenheid bestaan. Die beskerming van onder andere taalregte, kulturele belange, die vryheid van geloof en die voorsiening van 'n kommissie vir die bevordering en beskerming van die regte van kulturele, geloofs- en taalgroepe bevestig die feit dat die erkenning van minderheidsgroepregte tog geïmpliseer word (Oosthuizen, 1997: par. 3). Die implikasies ten opsigte van minderheidsgroepregte word ook in die onderwyswetgewing gevind. Sekere minderheidsgroepe ervaar egter dat hulle nie 'n simpatieke oor ten opsigte van hul regte, en in die besonder hul onderwysregte, by die regering het nie. Die houding van die regering moet begryp word vanuit hul standpunt dat alle tekens van apartheid verwyder moet word en dat 'n nuwe nasionale eenheid gevestig moet word. Ervaring wat in die internasionale wêreld opgedoen is, byvoorbeeld in België, Nederland en Kanada, toon ook duidelik dat die erkenning van minderheidsgroepregte nie noodwendig die nasionale eenheid bedreig nie. Dit is eerder 'n geval dat nasionale eenheid

bevorder word indien die minderheidsgroepe 'n gevoel van sekuriteit ervaar wanneer in hul unieke (onderwys-) behoeftes voorsien word (Steyn, 1996a: parr. 2.5.3; 2.5.4; Steyn & Vanderstraeten, 1997:6).

### 3.3 Gevolgtrekking

Uit die voorafgaande beredenering blyk dit dat dit 'n geregverdige eis van Suid-Afrikaanse minderheidsgroepe is om aan te dring op uitkenbare onderwysvoorsiening ooreenkomstig hul unieke onderwysbehoeftes. Dié onderwysvoorsiening moet gegrond wees op die unieke etniese, geloofs- en/of kultuurkenmerke van die individuele minderheidsgroepe en bydra tot die handhawing van menslike waardigheid en identiteitsvorming in Suid-Afrika. Geldige differensiasie moet die basis van die eie onderwysvoorsiening vorm sonder dat enige vorm van onregverdige diskriminasie ter sprake kom. Dié onderwys moet tot voordeel van die leerders uit die betrokke minderheidsgroep wees maar ook aantoonbaar tot voordeel van die breë Suid-Afrikaanse samelewing wees.

## 4 Die beheer oor minderheidsgroeponderwys

### 4.1 Enkele algemene teoretiese en internasionale standpunte

Die beheer oor onderwysvoorsiening aan minderheidsgroepe verwys na die verantwoordelikheid om die beleid insake die onderwysvoorsiening te formuleer en te implementeer. In die reëlings insake die onderwysbeheer behoort daardie instansies wat betrokke moet wees, aangedui te word en moet die finansieringsverantwoordelikheid ook omlyn word (Steyn, 1996b: parr. 2.3.1, 2.3.3). Ten opsigte van onderwysvoorsiening aan minderheidsgroepe is dit duidelik dat die staat, verteenwoordigende liggame uit die minderheidsgroepe en die ouers ten nouste by die onderwysbeheer betrokke moet wees.

Op grond van die sogenaamde *global paradox* is dit duidelik dat, hoewel die wêreld "kleiner" word (die sogenaamde *global village*-idee) as gevolg van die vorming van ekonomiese magsblokke en omvattende kommunikasienetwerke, mense al meer en meer sekuriteit vind in die eie groep en daarom is die magsbasis besig om van die staat na die kleiner groep te verskuif. Dié verskuiwings vind veral in Europa plaas met as resente voorbeelde Tsjeggië en Slowakye, die voormalige USSR en die plek van Skotland en Wallis binne Brittanje. Die rol van die staat, ook in onderwysvoorsiening, is dus in verskillende lande in die wêreld besig om te verklein (Claassen, 1996:20; Naisbitt, 1994; Watson, 1994:1). Dit word aanvaar dat die staat nie die voortbestaan van minderhede, en dus ook hul onderwysvoorsiening, waarborg nie en daarom moet die minderheidsgroepe self die verantwoordelikheid neem om hul regte op te eis (Habermas, 1994:113; Steyn, 1996a: par. 2.3.2). Dit verander egter niks aan die feit dat die minderheidsgroepe besondere steun van die staat nodig het ten opsigte van hul

onderwysvoorsiening nie (Weggeman, 1997; Steyn, 1996c: par. 2.5). Die staatsowerheid het naamlik die verantwoordelikheid om alle samelewingsgroeperinge te ondersteun om onderwys volgens hul spesifieke behoeftes te ontvang in soverre die voorsiening in die spesifieke behoeftes tot die algemene voordeel van die staatsgemeenskap strek. Minderheidsgroepe kan dus, volgens die Christelik-Reformatoriese beginsel verwag dat die staatsowerheid, as die instansie wat minderheidsgroepe in staat stel om dié doelwitte te bereik – in dieselfde mate as vir die meerderheidsgroep – onderwys vir die minderheidsgroepe sal ondersteun (Steyn & Van der Walt, 1997: par. 4).

Dit word gestel dat die verskillende minderheidsgroepe die verantwoordelikheid het om self te sorg dat onderwys volgens die unieke behoeftes van hul leerders voorsien word (De Witte, 1993:179). Die verskillende belangegroepe uit die bepaalde minderheidsgroep behoort dus by die onderwysbeheer betrokke te wees. Dit word ook as 'n vereiste gestel dat die ouers van die leerders, veral op die voor-tersiêre vlakke, integraal by die onderwys betrokke moet wees. In België word byvoorbeeld 'n verteenwoordige liggaam van die Katolieke Kerk, as verteenwoordigers van 'n gemeenskapsgroep met unieke onderwysbehoeftes, toegelaat om hul eie onderwysvoorsiening te beplan met inagneming van die demografiese konteks, die unieke onderwysbehoeftes wat bestaan en die haalbaarheid van eie onderwysvoorsiening in 'n bepaalde gebied. Die staat finansier dan hierdie onderwys – wat aan die nasionale minimumvereistes voldoen, op gelyke vlak as die staatskole (Steyn & Vanderstraeten, 1997:9). Dié reëling word as gewens beskou op grond van die volgende redes:

- Die staat is oortuig dat daar buitendien in die staatskole vir hierdie leerlinge voorsien moes word.
- Dié reëling ondersteun effektiewe onderwys omdat aan die werklike onderwysbehoeftes van die belangegroep beantwoord word.
- Die bepaalde reeling verleen sekuriteit aan die bepaalde belangegroep waardeur stabiliteit in die breë samelewing verseker word.

## 4.2 Betrokkenheid van Suid-Afrikaanse minderheidsgroepe by onderwysbeheer

In die huidige Suid-Afrikaanse onderwysstelsel word vir gemengde onderwysbeheer voorsiening gemaak, dit wil sê die verantwoordelikheid ten opsigte van onderwysvoorsiening word verdeel tussen die nasionale en provinsiale onderwysdepartement. Die neiging in die praktyk, veral omdat die verhouding tussen die nasionale en provinsiale regerings nog nie tot op die been verfyn is nie, is egter dat gesentraliseerde onderwysbeheer grootliks geïmplementeer word (Steyn *et al.*, 1997: par. 3.2). Hiervolgens word die beleid op sentrale vlak geformuleer en

word die provinsiale owerhede hoofsaaklik met gedelegeerde gesag beklee ten einde die nasionale beleid te implementeer.

## 4.3 Gevolgtrekking

Om werklik in die unieke onderwysbehoeftes van die Suid-Afrikaanse minderheidsgroepe te voorsien, sal die belanghebbende groepe (*stakeholders*), waaronder veral die ouers, intensief by die onderwysvoorsiening vir die bepaalde minderheidsgroep betrokke moet wees. Uiteraard moet die staat as instansie wat hierdie geordende samewerking moontlik maak, ook betrokke wees. Daar behoort dus voorsiening gemaak te word vir gedesentraliseerde onderwysbeheer met die nodige koördineringsmeganismes. Die voorbeeld van 'n land soos België, met 'n uiters diverse bevolkingsamestelling, kan in hierdie geval besonder nuttig wees: volgens die metode van Vergelykende Opvoedkunde word aanvaar dat uit 'n gevallestudie geldige opsies vir 'n ander land, in hierdie geval Suid-Afrika, afgelei kan word (vgl. Steyn & Vanderstraeten, 1997:7; Schriewer & Holmes, 1988). Hiervolgens behoort die staat dus, binne die minimumvereistes wat vir alle staats- en onafhanklike skole gestel word, vir die unieke behoeftes van minderheidsgroepe voorsiening te maak, ook wat die finansiering van eie onderwysinrigtings betref. 'n Onderwysraad behoort verder saamgestel te word vir elke minderheidsgroep wat eie onderwysvoorsiening verlang. Op dié raad behoort alle belangegroepe uit die betrokke minderheidsgroep, die ouers en die staat verteenwoordig te wees. Die funksie van dié raad sal hoofsaaklik die volgende wees:

- Om nasionale minimumvereistes vir daardie minderheidsgroep te verbesonder volgens ooreengekome kriteria wat onder andere demografie en haalbaarheid insluit.
- Om die eie onderwysvoorsiening vir die betrokke minderheidsgroep te koördineer.
- Om te sorg dat die minderheidsgroeponderwys aan die unieke onderwysbehoeftes van die minderheidsgroepe voldoen en aantoonbaar tot voordeel van die breë samelewing is.
- Om met die staat te onderhandel ten opsigte van die gelyke finansiering van die minderheidsgroep se onderwys.
- Op plaaslike vlak behoort die ouers werklike gesag ten opsigte van onderwysvoorsiening te hê sonder om die professionele bevoegdheid van die onderwyspersoneel in gedrang te bring, soos wat die geval in België is.

# 5. Onderwysinrigtings

## 5.1 Enkele algemene teoretiese en internasionale standpunte

Vanuit 'n internasionale perspektief, byvoorbeeld by monde van internasionale organisasies soos die Verenigde Nasies, die Europese Gemeenskap en Unesco is daar geen twyfel nie dat minderheidsgroepe eie onderwysinrigtings verlang waar in hul unieke onderwysbehoeftes voorsien word en dit word as een van die belangrike regte van minderheidsgroepe erken (Steyn, 1996a: par. 2.4; Detrick, 1992:ix; Dinstein, 1993:229). Ten opsigte van die onderwysvoorsiening aan minderheidsgroepe konstateer Unesco byvoorbeeld in die "Convention against discrimination in education, 1960" die volgende:

> The establishment and maintenance, for religious or cultural reasons, of separate educational systems or institutions or private schools offering an education which is in keeping with the wishes of the parents or guardians, shall not be deemed to constitute discrimination as long as attendance to these institutions is optional and conforms to such standards as may be approved by competent educational authorities [and] ... The right of parents to choose educational institutions, other than those provided by the state, should be respected (Unesco, 1960: artt. 2, 4).

Dit is belangrik om te verstaan waarom minderheidsgroepe eie onderwysinrigtings verkies. Die rede lê daarin dat onderwysinrigtings sekere kenmerke vertoon (Van der Westhuizen, 1991:54). Ter bevordering van effektiewe onderwys moet hierdie kenmerke aan sekere vereistes voldoen sodat die teikengroep van daardie onderwysinrigtings eienaarskap daarvoor kan aanvaar – in 'n fisiese en psigiese sin (Spencer, 1992). Effektiewe onderwys is dus afhanklik daarvan of die minderheidsgroep eienaarskap vir die bepaalde onderwysinrigting kan aanvaar en dit is op sy beurt weer afhanklik van die mate waartoe die minderheidsgroep in staat is om met die individualisering van die onderwysinrigting se universele kenmerke te identifiseer. Minderheidsgroepe kan dus met reg beweer dat daar op onbillike wyse teen hulle gediskrimineer word indien hulle nie hul eie onderwysinrigtings toegestaan word nie. Die gebrek aan eie onderwysinrigtings beperk naamlik die voorsiening van effektiewe onderwys aan minderheidsgroepe. Onderwysinrigtings wat bedoel is vir minderheidsgroepe het die volgende kenmerke (Steyn, 1996a: par. 5.2.3):

- **Die onderwysinrigting is die konvergensie van onderriggewers en leerders**

Die minderheidsgroep verwag dat die onderriggewers van hoë kwaliteit moet wees en as rolmodelle vir leerders uit die minderheid kan dien. Verder word verwag dat die besliste meerderheid van die leerders verteenwoordigend van die bepaalde minderheidsgroep sal wees.

- **Effektiewe onderwys is afhanklik van relevante onderwysprogramme**

Die minderheidsgroep verwag dat die onderwysprogramme en kurrikula sodanig saamgestel is dat die verlangde kennis, vaardighede en gesindhede volgens die unieke onderwysbehoeftes van die leerders voorsien word. Die onderwysprogramme moet dus lewensrelevante onderwys moontlik maak sodat die leerders voorberei word vir hul unieke rolle in die bepaalde minderheidsgroep, maar ook in die breë samelewing.

- **Effektiewe onderwys is afhanklik van taal**

Dit word algemeen aanvaar dat minderheidsgroepe met unieke moedertale verkies dat die onderwys in die moedertaal verskaf word.

- **Effektiewe onderwys geskied deur middel van geskikte fasiliteite**

Die tipe onderwysfasiliteite, byvoorbeeld die onderwysmedia, geboue en terrein, moet, wat gesofistikeerdheid en gemoderniseerdheid sowel as estetiese voorkoms betref, verband hou met dit wat deur die betrokke minderheid as waardevol beskou word.

- **Effektiewe onderwys is afhanklik van effektiewe onderwysbestuur en -administrasie**

Indien diegene wat verantwoordelik is vir die onderwysbestuur vir die bepaalde minderheidsgroep aanvaarbaar is en indien die bestuurstyl by die aard van die minderheidsgroep aanpas, sal daardie minderheidsgroep makliker eienaarskap vir die betrokke onderwysinrigtings kan aanvaar. So ook behoort die organisasiestrukture wat verantwoordelik is vir die onderwysbestuur sowel as die kommunikasiewyses tussen die onderwysinrigtings en die minderheidsgroep by die aard van die bepaalde minderheidsgroepe aan te pas.

Alhoewel eie onderwysinrigtings as 'n nie-diskriminerende reg van minderheidsgroepe erken word, moet verseker word dat onaanvaarbare diskriminasie nie tog insluip nie. Dit word daarom aanvaar dat onderriggewers en leerders, wat nie aan die identifiserende kenmerke van die minderheidsgroep beantwoord nie, nie summier uit die onderwysinrigtings, wat vir 'n bepaalde minderheid bedoel is, uitgesluit kan word nie (Steyn, 1996a: par. 2.3). In hierdie opsig is die Nederlandse voorbeeld van besondere waarde. In Nederland kan onderriggewers en leerders nie net bloot op grond van 'n spesifieke kenmerk, byvoorbeeld geloofs- of taalverskille of homoseksualiteit, toelating geweier word tot 'n besondere onderwysinrigting wat bedoel is vir 'n bepaalde belangegroep nie. Die onderriggewer of leerder kan egter wel toelating geweier word indien daardie kenmerk die onderwysinrigting se doelbereiking benadeel of kortwiek (Weggeman, 1997:13). Dit beteken dat 'n "eie onderwysinrigting" 'n unieke visie, missie en funksionering kan bepaal, dat die onderriggewers en leerders uit die besondere minderheidsgroep 'n besliste meerderheid vorm en dat "ander" leerders en

onderriggewers by hierdie riglyne moet inval en nie die bevrediging van hul unieke onderwysbehoeftes as vertrekpunte mag eis nie.

Kultuurverskille, en in die besonder taalverskille en geloofsverskille, is die twee tiperende kenmerke van minderheidsgroepe waarvoor gewoonlik eie onderwysinrigtings voorsien word. Taylor (1993:42-45) bevind dat die geëmansipeerde mens streef na groepsidentiteit en dat die idee van 'n eie identiteit baie modern is. As gevolg van die invloed van individuele regte, en omdat die vroeëre vorme van groepsidentifikasie – soos 'n gemeenskaplike geloof, tradisies en ekonomiese aktiwiteite – so gediversifiseer geraak het, is die moderne vorm van groepsidentifikasie die gemeenskaplike taal.

Moderne mense bind nie noodwendig aan 'n tradisionele kultuur nie, maar vind dat die gemeenskaplike taal die belangrikste bindingsfaktor is. Die beskerming van die taal word as belangrik geag, want die verwaarlosing van die taal lei nie net tot 'n verlies in uitdrukkingsvermoë nie, maar die taal is ook die voertuig waardeur groepsbetrokkenheid en -prestasies op die gebied van byvoorbeeld wetenskap, tegnologie, ekonomie en die kunste gedra en bekendgestel word. Die taal dien as identifikasiepunt vir lede van moderne gediversifiseerde kultuurgroepe. Taal staan in hierdie geval nie teenoor kultuur nie, maar is net die duidelik waarneembare uiting van die bepaalde kultuur. Hierdie identifikasie met die taal en ander kultuurkenmerke bepaal die individu se rol, plek en erkenning in 'n bepaalde praktyk en medebepaal sodoende 'n sinvolle lewe al dan nie. Buite die omgewing van 'n bepaalde kultuurgroep kan 'n individu hom- of haarself baie moeilik ken en evalueer en dus 'n positiewe selfbeeld vorm (Taylor, 1993:45, 122).

Benewens taal is unieke geloofsoortuigings een van die belangrike kenmerke waarvolgens minderheidsgroepe geïdentifiseer word. Geloof impliseer in hierdie geval egter meer as net die kultiese aanbidding van 'n god, maar verwys eerder na die lewens- en wêreldbeskouing van 'n bepaalde individu of groep in die samelewing. Die lewens- en wêreldbeskouing verwys dus na die sieninge wat die mens(e) huldig oor G(g)od, die werklikheid, mens en samelewing. Hierdie sieninge kristalliseer telkens uit in verskillende waardes (Van der Walt & Postma, 1987:91; Postma, 1997: par. 2.1). Die aard en funksionering van 'n bepaalde onderwysinrigting word deur die lewensbeskouing(s) van die onderriggewers, leerders en alle belanghebbendes bepaal. Aangesien die mens se handelinge bepaal word deur sy waardes, gebaseer op 'n bepaalde lewensbeskouing, word die kenmerke van die onderwysinrigting ook bepaal deur die dominante lewensbeskouing wat teenwoordig is onder die betrokkenes. Die optrede van leerders en onderriggewers sowel as hul onderlinge verhouding, die wyse waarop onderriggewers as rolmodelle dien, die aard en die inhoud van die onderwysprogramme, die bepaling van die waardevolheid van die onderwysfasiliteite en die soort onderwysbestuur word byvoorbeeld bepaal deur die

dominante lewensbeskouing van almal wat by die onderwysinrigting betrokke is. Daarom verkies 'n minderheidsgroep met 'n unieke lewensbeskouing om deur 'n eie onderwysinrigting bedien te word. Dan alleen kan aan die kenmerke van die onderwysinrigting daardie inhoud gegee word sodat dit pas by die bepaalde lewensbeskouing van daardie minderheidsgroep.

Onderwysvoorsiening in België en Nederland, volgens die versuilingspatrone, is tipiese voorbeelde van verskeie lande waar lewensbeskoulike verskille, selfs tussen Christelike groepe, aanleiding gegee het tot die stigting van eie onderwysinrigtings (Steyn & Vanderstraeten, 1997:6; Weggeman, 1997:9). In Suid-Afrika blyk dit dat die volgende verbindings tussen taal en lewensbeskouing die belangrikste minderheidsgroepe, wat aanspraak maak op die bevrediging van unieke onderwysbehoeftes, identifiseer, naamlik: Christelik en Afrikaans, Christelik en Engels, Islam en Afrikaans en Islam en Engels (Steyn, 1997: par. 7).

In die meeste lande word in die unieke onderwysbehoeftes in die een of ander vorm van onafhanklike of privaatskole voorsien, want dié skole verteenwoordig "... in tangible bricks and mortar the intangible values, beliefs and attitudes that people have in common" (Steyn, 1996d:2). Dié skole staan bekend as vrye skole in België of besondere skole in Nederland of onafhanklike/privaatskole in lande soos byvoorbeeld Duitsland, Denemarke, Ciprus, Griekeland en die VSA (Steyn & Vanderstraeten, 1997:2). Die spesifieke skole kry almal in 'n meerdere of mindere mate finansiële steun van die staat, maar dit is tog nodig om op te merk dat die skole in België en Nederland in dieselfde mate as die staatskole ondersteun word. Dit is ook opvallend dat in sowel België as Nederland die bepaalde belangegroepe die verantwoordelikheid moet neem om te sorg dat daar "eie onderwysinrigtings" voorsien word om in hul unieke onderwysbehoeftes te voorsien (Steyn & Vanderstraeten, 1997:10; Weggeman, 1997:14).

## 5.2 Die Suid-Afrikaanse situasie ten opsigte van onderwys-inrigtings vir minderheidsgroepe

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika gee riglyne ten opsigte van onderwysvoorsiening en verwysings na die regte van minderheidsgroepe kom ook voor. Die reg van almal om basiese onderwys en onderwys in een van die amptelike tale, sover as wat dit prakties moontlik is, in staatskole te ontvang word bevestig. Om laasgenoemde reg toe te pas moet die staat alle moontlike opsies oorweeg – insluitende die oprigting van enkelmediumskole. Die beginsels van gelykheid, praktiese uitvoerbaarheid en die regstelling van ongelykhede van die verlede moet egter altyd as riglyn gebruik word. Die reg van almal om, op hul eie koste, onafhanklike skole op te rig word erken, mits dié skole nie op grond van ras diskrimineer nie, by die staat registreer en standaarde handhaaf wat nie laer as dié van die staatskole is nie (RSA, 1996a: art. 29). Die Grondwet erken verder die reg van kultuurgroepe om hul eie kulture uit te bou asook die reg van

gelykheid. Daar word ook voorsiening gemaak vir die stigting van 'n Kommissie vir die Beskerming van die Regte van Kulturele, Geloofs- en Taalgemeenskappe (RSA, 1996a: artt. 9, 30, 31, 185). Die riglyne van die Grondwet word in die verskillende onderwyswette vervat vir implementering (RSA, 1996b: art. 4).

Die verantwoordelikheid van die staat om, sover moontlik, in die unieke onderwysbehoeftes van minderheidsgroepe op grond van 'n gemeenskaplike kultuur of geloof te voorsien is as toetssaak voor die Konstitusionele Hof gelê. In die uitspraak van die Hof is bevind dat skole met Afrikaans as voertaal nie leerders, wat 'n ander taal as voertaal verkies, toelating mag weier nie en dat daar in hierdie leerders se versoek tot toelating en onderrig in Engels voldoen moet word. Verdere bevindinge sluit die volgende in:

- Die staat mag nie programme in werking stel om die voortbestaan van bepaalde kulture te belemmer nie.
- Die staat kan en behoort waarskynlik besondere ondersteuning te verleen aan bedreigde groepe.
- Die staat kan onderwys aan eie onderwysinrigtings ondersteun maar dit is nie nodig nie.
- Lede van minderheidsgroepe kan eie onderwysinrigtings oprig en in stand hou (*DP, NP & IFP v Gauteng Provincial Legislature 1996 CCT 39/95*: art. 90). Oosthuizen (1997: par. 6), blyk dus, na 'n analise van internasionale en nasionale regsbronne, korrek te wees dat daar in die Suid-Afrikaanse juridiese raamwerk min geleentheid is waarop minderheidsgroepe hul reg vir eie onderwys in staatskole kan baseer. Die mees haalbare wyse is om deur middel van eie onafhanklike onderwysinrigtings in die unieke onderwysbehoeftes te voorsien.

## 5.3 Gevolgtrekking

Uit die voorafgaande inligting blyk die volgende opsies ten opsigte van unieke onderwysvoorsiening vir minderheidsgroepe in Suid-Afrika te bestaan:

- Verteenwoordigers uit die betrokke minderheidsgroepe moet self die verantwoordelikheid neem om onderwysvoorsiening volgens hul unieke onderwysbehoeftes te laat realiseer. Minderheidsgroepe sal bereid moet wees om deur middel van finansiële opoffering sowel as deur verskillende ander maatreëls hul vasbeslotenheid om hul internasionaal-erkende regte op te eis, te demonstreer. In Suid-Afrika moet die eie onderwysinrigtings hoofsaaklik gebaseer word op grond van unieke geloofs- en/of kultuur- en taalbehoeftes van individuele minderheidsgroepe. Daar moet besonder seker gemaak word

dat daar nie op onregverdige wyse gediskrimineer word nie en daarom moet op veral die internasionaal aanvaarde kriteria vir differensiasie gelet word.

- Individuele minderheidsgroepe kan poog om die bepalings van die Grondwet en die verskillende onderwyswette te laat realiseer en sekere staatskole, waar prakties moontlik, vir bepaalde minderheidsgroepe af te sonder. In hierdie geval moet die kriteria vir die bepaling van "waar prakties moontlik" met die regering onderhandel word en kan sterk teruggeval word op die Kanadese beginsel van "where numbers warrant" (Oosthuizen, 1997: par. 6).

- Die meer haalbare opsie is egter dat daardie minderheidsgroepe wat 'n behoefte aan eie onderwysinrigtings het, deur middel van onafhanklike skole daarin voorsien. (België en Nederland dien in hierdie opsig as voorbeeld.) Hoewel die Konstitusionele Hof nie staatsteun vir eie onderwysinrigtings as noodsaaklikheid sien nie, moet die internasionale voorbeelde gebruik word om die huidige regering te oortuig dat minderheidsgroepe aanspraak kan maak op werklike staatsondersteuning, veral in die vorm van finansiële en fasiliteitsvoorsiening. Minderheidsgroepe moet daarop klem lê dat die nie-voorsiening in eie onderwysinrigtings op onregverdige diskriminasie neerkom. Die regering moet daarvan oortuig word dat sodanige ondersteuning nie nasionale eenheid sal bedreig nie, maar eerder sal ondersteun.

- Die eie onderwysinrigtings van individuele minderheidsgroepe moet daardeur gekenmerk word dat die leerders sowel as die onderriggewers uit die betrokke minderheidsgroepe 'n besliste meerderheid in die onderwysinrigtings vorm. Die onderriggewers moet van 'n hoë kwaliteit wees en as rolmodelle vir die leerders dien. Die fasiliteite moet, wat aard en voorkoms betref, by die bepaalde minderheidsgroepe aanpas.

- Aangesien geloof en kultuur, met taal as element, belangrike identifiseerders van minderheidsgroepe is, moet die onderwysinrigtings wat bedoel is vir 'n bepaalde minderheidsgroep, daardeur geïdentifiseer word. Dit is veral ook belangrik dat die taal van onderrig die moedertaal is. Minderheidsgroepe verwag egter ook dat hulle 'n deeglike gebruikskennis van die taal van die meerderheidsgroep verkry sowel as van ander relevante tale.

- Die onderwysprogramme wat in die eie onderwysinrigtings aangebied word, moet lewensrelevant van aard wees. Die kurrikula en sillabi moet dus daarop ingestel wees om die leerders vir hul unieke rolle in die bepaalde minderheidsgroep voor te berei sowel as vir hul rolle in die breë gemeenskap.

## 6. Gevolgtrekking ten opsigte van die onderwysregte van Suid-Afrikaanse minderheidsgroepe

Uit die voorafgaande beredenering blyk dit dat minderheidsgroepe in Suid-Afrika, op grond van die internasionale reg en die praktyk in verskillende lande, gewis aanspraak kan maak op gerigte onderwysvoorsiening volgens hul unieke onderwysbehoeftes. Sonder om te poog om vanuit die Christelik-Reformatoriese denke sekere modelle van onderwysvoorsiening te regverdig of te motiveer, kan afgelei word dat die erkenning van die onderwysregte van minderheidsgroepe nie teen Christelik-Reformatoriese denke ingaan nie. Die tipiese uitgangspunte van die Christelik-Reformatoriese standpunt, soos liefde, verdraagsaamheid en universaliteit en individualiteit, moet net voortdurend nagekom word.

In die voorafgaande deel is ook aangetoon dat minderheidsgroepe eienaarskap vir hul onderwys moet aanvaar ten einde effektiewe onderwys te verseker. Om eienaarskap te aanvaar moet aan sekere vereistes voldoen word, anders word die effektiwiteit van hul onderwys beperk. Die gevolgtrekking is dus dat daar op onregverdige wyse gediskrimineer word teen daardie Suid-Afrikaanse minderheidsgroepe, wat op hul minderheidsregte aandring, indien die volgende gebeur:

- Hulle word nie die geleentheid gebied om uitkenbare onderwys, volgens hul unieke onderwysbehoeftes en tot voordeel van die breë gemeenskap, te ontvang nie.
- Die verskillende belangegroepe en ouers uit die bepaalde minderheidsgroep is nie substansieel by die onderwysvoorsiening betrokke nie.
- Indien die staat nie, soos vir die meerderheidsgroep, finansiële en infrastrukturele ondersteuning verskaf nie.
- Indien die bepaalde minderheidsgroep nie in hul eie onderwysinrigtings, deur onderriggewers wat as rolmodelle dien en deur middel van die moedertaal, onderwys kan ontvang nie.

## 7. Samevatting

In hierdie artikel is die regte van minderheidsgroepe ten opsigte van eie onderwysvoorsiening in die fokus geplaas. Daar is telkens gepoog om die regte van Suid-Afrikaanse minderheidsgroepe uit die internasionale konteks af te lei. Die gevolgtrekking waartoe geraak is, is dat daar oorgenoeg internasionale getuienis bestaan sodat minderheidsgroepe in Suid-Afrika die volgende kan versoek en selfs daarop kan aandring:

- Regmatige unieke onderwysvoorsiening, sonder dat onregverdige diskriminasie ter sprake kom – onderwysvoorsiening wat tot voordeel van die bepaalde minderheidsgroep en die breë samelewing is.
- Die implementering van gedesentraliseerde onderwysbeheer sodat die minderheidsgroepe werklike beheer oor die onderwys kan neem.
- Eie onderwysinrigtings.
- Die minderheidsgroepe moet die meerderheidsgroepe oortuig dat hul aandrang nasionale eenheid sal bevorder en tot aantoonbare voordeel van die hele gemeenskap is.

Daar is aangetoon dat indien daar nie aan hierdie versoeke van minderheidsgroepe voldoen word nie, die minderheidsgroepe met reg oor diskriminerende optrede kan kla, want nie-voldoening aan die versoeke beperk die effektiwiteit van hul onderwys.

## Bronne

CAPOTORTI, F. 1991. Study on the rights of persons belonging to ethnic, religious and linguistic minorities. New York : United Nations.

CLAASSEN, J.C. 1996. Die voorsiening van onderwys aan minderheidsgroepe: 'n teoretiese agtergrond. Projekverslag as deel van die navorsingsprojek, "Die voorsiening van onderwys aan minderheidsgroepe in Suid-Afrika", onder leiding van prof. H.J. Steyn, Fakulteit Opvoedkunde, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom.

CLOETE, F. 1991. Minority rights and interest groups. *Suid-Afrikaanse Publiekreg*, 6(1):31-45.

DE BRUYN, L. 1997. 'n Christelike perspektief op minderheidsgroepsregte. Projekverslag as deel van die navorsingsprojek, "Die voorsiening van onderwys aan minderheidsgroepe in Suid-Afrika", onder leiding van prof H.J. Steyn, Fakulteit Opvoedkunde, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom

DETRICK, S. 1992. The United Nations conventions on the rights of the child. Dordrecht : Martinus Nijhoff.

DE WITTE, B. 1993. The European communities and its minorities. (*In* Brölmann, C., Lefeber, R. & Zieck, M. Peoples and minorities in international law. Dordrecht : Martinus Nijhoff. p. 167-185.)

DINSTEIN, Y. 1993. The degree of self-rule of minorities in unitarian and federal states. (*In* Brölmann, C., Lefeber, R. & Zieck, M. Peoples and minorities in international law. Dordrecht : Martinus Nijhoff. p. 221-235.)

DONNELLY, J. 1993. Third generation rights. (*In* Brölmann, C., Lefeber, R. & Zieck, M. Peoples and minorities in international law. Dordrecht : Martinus Nijhoff. p 119-150.)

DP, NP & IFP v Gauteng Provincial Legislature 1996 CCT 39/95 (Konstitusionele Hofuitspraak).

HABERMAS, J. 1994. Struggles for recognition in the democratic constitutional state. (*In* Taylor, C. Multiculturalism. Princeton : Princeton University Press. p 113-117.)

HENRARD, K 1996. The definition of minorities and the rights of minorities regarding education in international law Referaat gelewer tydens eerste konferensie van SAELPA, Rustenburg, 23-25 Oktober.

HEYNS, J A. 1981 Dogmatiek Pretoria : N.G. Kerkboekhandel

LEON, T 1996 Finale grondwet moet minderheid se taal en kultuur beskerm, bevorder *Rapport* 23, Maart 24.

LERNER, N. 1993 The evolution of minority rights in international law. (*In* Brölmann, C , Lefeber, R. & Zieck, M. Peoples and minorities in international law. Dordrecht : Martinus Nijhoff. p. 77-101.)

MARSHALL, P 1983. Human rights theories in Christian perspective. Toronto : Institute for Christian Studies

NAISBITT, J. 1994. The global paradox New York : Morrow.

OLIVIER, N. 1996. In 'n demokrasie het 'n minderheid reg op selfbestuur van sy eiegoed *Rapport* 23, Maart 17.

OOSTHUIZEN, I. 1997 An introduction to an educational law perspective on the protection of minority rights in South African education. Projekverslag as deel van die navorsingsprojek, "Die voorsiening van onderwys aan minderheidsgroepe in Suid-Afrika", onder leiding van prof. H.J. Steyn, Fakulteit Opvoedkunde, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom

POSTMA, W 1997. Lewens- en wêreldbeskouings en daaruit voortvloeiende waardes as determinante van die onderwysstelsel Projekverslag as deel van die navorsingsprojek, "Die voorsiening van onderwys aan minderheidsgroepe in Suid-Afrika", onder leiding van prof. H.J Steyn, Fakulteit Opvoedkunde, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom.

RSA
kyk
SUID-AFRIKA (REPUBLIEK)

SACCT
kyk
SOUTH AFRICAN LAW REPORTS

SCHRIEWER, J & HOLMES, B. 1988 Theories and methods in Comparative Education Frankfurt am Main : Lang

SOUTH AFRICAN LAW REPORTS: South African Foundation for Education and Training v Gauteng Provincial Legislature 1996 CCT 39/95

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). 1996a Grondwet Pretoria : Staatsdrukkers.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). 1996b Wet op nasionale onderwysbeleid, Wet 27 van 1996 Pretoria : Staatsdrukkers.

SPENCER, J. 1992. Mondelinge mededeling aangaande die aard van die onderwysstelsel. Redakteur, *Times Educational Supplement*, Londen.

STEYN, H.J. 1996a The perceptions of the national education system by minority groups. Projekverslag as deel van die navorsingsprojek, "Die voorsiening van onderwys aan minderheidsgroepe in Suid-Afrika", onder leiding van prof. H J. Steyn, Fakulteit Opvoedkunde, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom

STEYN, H.J. 1996b. Struktuur van die onderwysstelsel Potchefstroom : PU vir CHO

STEYN, H.J. 1996c. Educational provision to minority groups in the national education system. Paper read at the SAELPA conference, Rustenburg, 23-25 October 1996

STEYN, H.J. 1996d. Die onafhanklike skool as wyse van ondervoorsiening aan minderheidsgroepe. Projekverslag as deel van die navorsingsprojek, "Die voorsiening van onderwys aan minderheidsgroepe in Suid-Afrika", onder leiding van prof H.J. Steyn, Fakulteit Opvoedkunde, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom.

STEYN, H.J. 1997. Onderwysbehoeftes van minderheidsgroepe in Suid-Afrika: die Afrikaanssprekendes, die Moslems en die Zoeloes. Projekverslag as deel van die navorsingsprojek, "Die voorsiening van onderwys aan minderheidsgroepe in Suid-Afrika", onder leiding van prof. H.J. Steyn, Fakulteit Opvoedkunde, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom.

STEYN, H.J., STEYN, S.C. & DE WAAL, E.A.S. 1997. Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel, 97. Potchefstroom : PU vir CHO.

STEYN, H.J. & VANDERSTRAETEN, R. 1997. Minority group education in South Africa. Projekverslag as deel van die navorsingsprojek, "Die voorsiening van onderwys aan minderheidsgroepe in Suid-Afrika", onder leiding van prof. H.J. Steyn, Fakulteit Opvoedkunde, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom.

STEYN, H.J. & VAN DER WALT, J.L. 1997. Universaliteit/ individualiteit en kringsoewereiniteit as kenmerke van onderwysvoorsiening aan minderheidsgroepe. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 33(1 & 2):1-12.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). 1996a. Grondwet. Pretoria : Staatsdrukkers.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). 1996b. Wet op die Nasionale Onderwysbeleid. Pretoria : Staatsdrukkers.

TAYLOR, C. 1993. Reconciling the solitudes. Montreal : McGill-Queens University Press.

THORNBERRY, P. 1991. International law and the rights of minorities. Oxford : Claredon.

UN
kyk
UNITED NATIONS

UNITED NATIONS. 1992. The United Nations Convention on the Rights of the Child. (*In* Detrick, Sharon. The United Nations conventions on the rights of the child. Dordrecht : Martinus Nijhoff. p. 20-24.)

UNESCO
kyk
UNITED NATIONS EDUCATIONAL, SCIENTIFIC AND CULTURAL ORGANISATION

UNITED NATIONS EDUCATIONAL, SCIENTIFIC AND CULTURAL ORGANISATION. 1960. Convention against discrimination in education. (*In* United Nations. Human Rights. A compilation of international instruments. New York : United Nations. p. 416.)

VAN DER WALT, J.L. 1996. Postmodernistiese standpunte en beskouinge oor die plek van minderheidsgroepe in onderwysvoorsiening. Projekverslag as deel van die navorsingsprojek, "Die voorsiening van onderwys aan minderheidsgroepe in Suid-Afrika", onder leiding van prof. H.J. Steyn, Fakulteit Opvoedkunde, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom.

VAN DER WALT, J.L. & POSTMA, W. 1987. Strominge in die opvoedingsteorie 2. Hillcrest : Owen Burgess.

VAN DER WESTHUIZEN, P.C. 1991. Perspectives on educational management and explanation of terms. (*In* Van der Westhuizen, P.C. *ed*. Effective educational management. Pretoria : HAUM. p. 11-60.)

WATSON, K. 1994. Educational provision for the 21st century: who or what is shaping the agenda? Paper read at the SACHES Conference, Gabarones, 25-27 October.

WEGGEMAN, A. 1997 Vrijheid van onderwijs en wetgewing. Referaat gelewer tydens die internasionale konferensie, "Vryheid in onderwys", onder beskerming van die Wetenskaplike Stigting, Warmbad, 12-13 Mei 1997.